# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**20 SEPTEMBER 2026** **Nr 38**


| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* | Skriba/ | *Pieter du Plessis* |
| | 051 436 2930/082 410 7447 | Koster: | 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* | Kerkkantoor: | 051 436 2932/082 570 1804 |
| | 083 776 6989 | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | 072 469 7778 | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | 072 784 9451 | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* | Kassier: | *Mariza Mosca* |
| | 079 888 8910 | | 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ | *Kerkkantoor* | Kerk: | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| Evangelisasie: | 082 570 1804 | Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| Zapper-kode vir kerklike bydraes: | | Sustershulpdiens: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 |


**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20 Sep: Br Janis Mostert | 072 789 8577 | 22 Sep: Br Samuel van der Walt | 072 147 2238 |
| 20 Sep: Sr Magdelt Louwrens | 071 608 4303 | 23 Sep: Sr Edna Boltman | 079 236 0661 |
| 20 Sep: Br Nas Coetzee | 084 563 5836 | 23 Sep: Sr Marni van der Westhuizen | 076 712 6818 |
| 22 Sep: Br Heinrich Pretorius | 082 337 7558 | 25 Sep: Nathan Fook | 083 262 0156 |
| 22 Sep: Br Jurie Geldenhuys | 082 822 3300 | | |

## DIE SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word hierdie Sondag gevier. Lidmate van ander Kerke wat by die Kerkraad aansoek gedoen het om hier Nagmaal te gebruik, het die nodige toestemming en word saam met die gemeente hartlik daartoe uitgenooi. Ons bede is dat die Here vir ons as gemeente en elke lidmaat afsonderlik, ryklik sal seën en dat ons daarmee, tesame met die Woord-bediening, in ons geloof versterk mag word. Laat ons nie daaraan twyfel nie dat ons lewe net so werklik, deur die werking van die Heilige Gees, met sy liggaam en bloed gevoed word as wat ons die brood en wyn tot Sy gedagtenis ontvang.

Ons noem weer dat daar naas die wyn ook druiwesap bedien word. Daar is ses kelkies met druiwesap op elke skinkbord teenaan die handvatsel geplaas en gemerk.

## LITURGIE TYDENS NAGMAALSDIENS

Ons gee graag die volledige besonderhede van die verloop van die erediens, aangesien dit afwyk van die normale omdat die Nagmaalsformulier ineengeweef word met die res van die liturgiese orde om sodoende 'n treffende eenheid te vorm.

- Votum en seëngroet
- Lofsang: ***Lb 190:1,2,3***
- Daarna, terwyl ons staan: Nagmaalsformulier: *Instellingswoorde*, gevolg deur
- Geloofsbelydenis van *Nicea*
- Nagmaalsformulier: *Selfondersoek*
- Sing: ***Ps 119:6,7***
- Nagmaalsformulier:
- *Gedagtenis*
- Gebed
- Sing: ***Ps 116:1,2,3***
- Skriflesing: ***Eks 28:1-6 en 31-35***
- Teksvers: ***Eks 28:31-35***
- Preek
- Nagmaalsformulier: *Gebed*
- Sing ***Ps 23:3*** sittende
- Nagmaalsformulier: *Hartsverheffing*
- ***Nagmaalbediening***
- Sing: ***Sb 17-3:1,2***
- Nagmaalsformulier: *Lofverheffing*
- Dankgebed
- Offergawes
- Slotsang: ***Lb 510:1,2,3,4***
- Wegstuurseën

## GESAMENTLIKE GEMEENTE-ETE

Na Sondag se Nagmaalsdiens vind die gebruiklike en baie aangename Gemeente-ete om 11:30 in die *Wikus Vorster Saal* plaas. Elkeen wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle eie eetgerei en drinkgoed saambring. Die koste daaraan verbonde beloop R60 vir volwassenes en hoërskooljeug en R40 vir laerskoolkinders. Die geld kan in die kassie gemerk *"Susters-bydrae"* geplaas word of tydens die ete betaal word. Ons bedank graag die ***Sustersbestuur*** wat verantwoordelik is vir die voorbereiding van die kos.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die GKSA se ***Emeritaatsfonds.***

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

## ONS DINK AAN...

***Br Jannie Venter*** van Mooihawe wat Woensdag as gevolg van kolonkanker 'n baie ingrypende operasie in Mediclinic ondergaan het.

Ons dra hom en al sy geliefdes op aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader en bid hom die troosryke nabyheid van die Heilige Gees toe!

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroep nie aanvaar nie:*

- Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Wolmaransstad.

## HERSTELWERK AAN DAK EN TORING

Die kerkraad het op aanbeveling van die Eiendomskommissie besluit om die kerktoring saam met die dak se fasieborde wat afgewaai het, te herstel. Lidmate word vriendelik versoek om slegs tussen die steierwerk en kerkmuur te beweeg en toe te sien dat niemand tussen die steierwerk ingaan nie ten einde enige beserings te voorkom.

## LIDMAATREGISTER

Met attestasie het oorgekom van die Gereformeerde Kerk *Kuruman:* ***br Ernest Gers*** van Pentagon Heights 6. Ons wens hom hartlik welkom in ons gemeente en vertrou dat hy baie gelukkig hier sal wees!

## HARTLIKE GELUKWENSE AAN…

***Br Theo Robbertse*** van William Trollipsingel wie se dogter, ***Thalita-*** wat in ons gemeente gekatkiseer en Belydenis van Geloof afgelê het- op Saterdag, 19 September, in die eg verbind word met ***Andrew Vorster.*** Die huweliksbevestiging vind in Stellenbosch plaas en word waargeneem deur ds Dinant Zwemstra, leraar van die GK Strand.

DIAKONIE
HELP MET
VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE
DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely,
want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.
Hebreërs 10:23




**Ons wil graag vir almal wat gehelp het met die reëlings, wat skenkings en donasies gemaak het, asook die dag ondersteun het, hartlik bedank. 'n Besondere woord van dank gaan aan *oudl Louis van Niekerk* wat al die reëlings gekoordineer het en al die "kokke" wat verantwoordelik was vir die smaaklike kos! Die dag het sover meer as *R 64 000* opgelewer en kan ons maar net dankie sê vir die Here wat ons so oorvloedig geseën het!**







- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr

Kuier
Gemeenskap
Lekker wees!

# Gereformeerde Kerk BLOEMFONTEIN-NOORD

# Kamp 2026

**RIVER OF JOY**
(20km buite Bloemfontein)

## 9–11 OKT. 2026

## AKKOMMODASIE & TARIEWE

**Eenheid 4:**
Dubbele eenheid @ **R890**

**Eenheid 5:**
Gesinskamer (4 in een kamer) @ **R1050**

**Eenhede 2, 3, 8:**
Gesins-eenhede (4 in twee kamers) @ **R1150**

**Eenhede 6 & 7:**
10-bed @ **R1850**
**OF Slegs Eenheid 7:**
Dubbele eenheid @ **R890**

**Eenheid 1:**
7-slaapkamer @ **R1750**

## KAMPERING

- Kampering @ **R380**/staanplek/nag ing. eerste 2 persone
- + **R100**/ekstra volwassene
- + **R60**/ekstra per skoolkind
- Maks. 6 persone per *staanplek*
- Pensioenarisse @ **R330** vir twee

## DAGBESOEKERS

- **R80**/volwassene
- **R40**/skoolkind

## Baie pret vir die kinders!

Speletjies
Natuurlik ons dominee-vasvra!

*Almal welkom!*
Dagbesoekers vir die Saterdag ook welkom.

## ETES

- **Vrydagaand:**
  Bring en braai – bykosse word verskaf
- **Saterdag brunch:**
  Nacho's word verskaf
- **Saterdag laatmiddag – aand:**
  Braai (alles word verskaf)

*Bring snacks, drinkgoed en alle tipe persoonlikhede!*

*Kom braai en kuier saam en leer ken medegelowiges!*

*Skenkings van bykosse, pryse ens. sal verwelkom word!*

Besprekings: Karien van Rooyen
079 888 8910




***Met ons Feesnaweek wat voorlê, solank hierdie uitnodiging om een van die groot gawes in Berg-en-Dal te kom beleef: Die Walcker Orrel uit Nederland (1958), in 2007 gerestoureer... en ons bekende, begaafde en geliefde orrelis, Johan Cromhout.***


In die voetspore van Paulus
GRIEKELAND
13 - 24 OKT 2027
saam met
Ds. Reynold Fourie en Dr Johan Erasmus
R45 900 (Jhb)
R46 900 (CT)
Sluit in:
• ¾ ster verblyf
• ontbyte
• vlugte
• landvervoer
• ingangsfooie
Uitgesluit:
• reisversekering,
• visum
• ander maaltye
'n Deposito van R20 000 voor einde Feb. bevestig jou plek
Vir meer inligting kontak:
LORAINE: 0731623748


SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027
Tema: Kyk na die lelies...
LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)